Pretoria- 4 Mei 2014

Skriflesing: Mattheus 22:41 – 23:39
Teks: Mattheus 22:45; 23:11-12; 23b
Sing: Ps. 7:1,6; Ps. 40:6; Ps. 91:2; Ps. 145:10,11,12

Mattheus 22:41 – 23:39

Mat 22:41 En toe die Fariseërs saamgekom het, vra Jesus hulle
Mat 22:42 en sê: Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s'n.
Mat 22:43 Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees Here noem as hy sê:
Mat 22:44 Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?
Mat 22:45 As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?
Mat 22:46 En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.
Mat 23:1 Toe het Jesus die skare en sy dissipels toegespreek
Mat 23:2 en gesê: Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses.
Mat 23:3 Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.
Mat 23:4 Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie.
Mat 23:5 En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot.
Mat 23:6 En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges
Mat 23:7 en die begroetinge op die markte en om deur die mense genoem te word: Rabbi, Rabbi!
Mat 23:8 Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders.
Mat 23:9 En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.
Mat 23:10 Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus.
Mat 23:11 Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees.
Mat 23:12 Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.
Mat 23:13 Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.
Mat 23:14 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.
Mat 23:15 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self.
Mat 23:16 Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde.
Mat 23:17 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud heilig?
Mat 23:18 En: Elkeen wat sweer by die altaar—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die gawe daar bo-op, hy is gebonde.
Mat 23:19 Julle dwase en blindes, want wat is meer: die gawe, of die altaar wat die gawe heilig?
Mat 23:20 Wie dan sweer by die altaar, sweer dáárby en by alles wat daarop is;
Mat 23:21 en wie sweer by die tempel, sweer dáárby en by Hom wat daarin woon;
Mat 23:22 en wie sweer by die hemel, sweer by die troon van God en by Hom wat daarop sit.

Mat 23:23 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.
Mat 23:24 Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!
Mat 23:25 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid.
Mat 23:26 Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word.
Mat 23:27 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is.
Mat 23:28 So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid.
Mat 23:29 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges;
Mat 23:30 en julle sê: As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie.
Mat 23:31 Julle gee dus teen julself getuienis dat julle kinders is van die wat die profete vermoor het.
Mat 23:32 Maak die maat van julle vaders dan vol!
Mat 23:33 Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?
Mat 23:34 Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg,
Mat 23:35 sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaría, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar.
Mat 23:36 Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.
Mat 23:37 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
Mat 23:38 Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!
Mat 23:39 Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!

Skriflesing: Mattheus 22:41 – 23:39
Teks: Mattheus 22:45; 23:23b
Sing: Ps. 7:1,6; Ps. 40:6; Ps. 91:2; Ps. 145:10,11,12

Broeder en suster- in hierdie reeks is ons steeds besig met Jesus se laaste week op aarde. Dit gaan oor Wie Jesus is, sy Persoon, maar ook die spore wat Hy vir ons nagelaat het. Daardie spore moet ons kan vat, soos ’n spoorsnyer volg ons die spoor van Jesus daardie laaste week wat Hy op aarde was... Meer spesifiek op daardie Dinsdag vóór Jesus se kruisiging die Vrydag, was ’n dag wat daar baie dinge gebeur het, ja dit kan gesien word as ’n dag waar daar werklik baie ernstig en baie hard met mekaar gepraat sou word. Daardie oggend toe die dissipels nog verdwaas oor die vyeboom was oor Jesus die vyeboom die vorige dag vervloek het. Dinsdag was die vyeboom heeltemal kaal en verdroog. Dit is duidelik die vyeboom waaroor die dissipels die oggend nog baie verbaas oor was, die vyeboom werp eintlik ’n lang

skaduwee oor die res van die dag. Jesus sou die Dinsdag in besonderhede aantoon, hoe korrup, hoe verrot, hoe misleidend het Israel se leiers nie geword nie. Hulle vorm elke een deel van die struktuur van daardie vyeboom wat tot in sy wortels verdroog en kaal daar staan. Die grootste deel van hfst. 23 toon aan ons, werklik hoe kaal, hoe verrot, hoe misleidend mense in hulle godsdiens kan wees.

***

Aan die einde van hfst. 22 het ons weereens vanoggend 'n baie belangrike vraag aan die orde moes stel. U sal onthou heel aan die begin van hierdie reeks tot nou toe gaan dit heeltyd oor die belangrikste vraag wat ooit gevra kan word – WIE IS JESUS CHRISTUS VIR JOU... WAT GLO JY VAN HIERDIE CHRISTUS...WEET JY NOG WIE SE SEUN HY IS?! Broeder en suster, daar is niemand wat hom/haar van hierdie vrae kan losmaak nie! Ons het verlede Sondag afgesluit met wat Jesus Self as die grootste gebod uitgewys het. Liefde... *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.* ***38*** *Dit is die eerste en groot gebod.* ***39*** *En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.* ***40*** *Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.*

Vandag wil dit duidelik uitstaan as jy werklik vir Jesus Christus ken, dan sal jy Hom kan liefhê. Liefde gaan met kennis gepaard. Nooit is liefde maar 'n emosionele omgaan met 'n klomp emosie en klomp losstaande gevoelens nie. By God is liefde om God te ken, om God te vertrou, dan kom jy by 'n ware geloof uit. 'n Ware geloof wat ons laat besef hoe groot God se liefde vir ons is, dat God Self sê- HY IS LIEFDE! Ken Hom dan in Wie Jesus Christus is. Daarmee het Jesus weereens aan die Fariseërs spesifiek hierdie vraag gevra. *Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?* (22:42) Die Fariseërs was mense wat gedink het, hulle is vêrste geleerd wat jy kan kry. Hulle antwoord Jesus se vraag ook sommer vinnig. Die Messias is Dawid se kind... Min het hulle besef wat Jesus hulle hier wil aantoon. Jesus het beslis nie bedoel om hulle te verkleineer nie, maar dit gaan hier oor onkunde. Jesus doen wat so nodig is en dit is om iemand anders se onkunde bloot te lê. Dan gaan dit daaroor om iemand te help. Jesus neem hulle na die Ou Testament, na Psalm 110. Dawid het in die Gees geskrywe toe hy Psalm 110 skryf-sommer die eerste vers- *Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.*

Jesus maak dit duidelik dat Dawid sal mos nie 'n gewone kind van hom sy Here noem nie. Hierdie Kind van Dawid wat dan ook Here moet wees, Hy moet waarlik ook God wees. Meer duidelik kon Jesus dit nie gemaak het nie. Die Godheid van Jesus Christus is die hart van wat

Jesus Christus hier openbaar. Israel wil in hulle harte nie verander nie. Daar is geen omkeer nie. Geen bekering nie. Hy wat van God gekom het, in alles het Hy ons gedaante aangeneem, waarlik Hy was wat ons is, mense, maar Hy het geen sonde gehad, geen sonde gedoen, geen sonde agtergelaat nie. Die God wat mens geword het, ken jy Hom... wil jy Hom ken?!

***

Dit is waaroor ons in hoofsaak hierdie laaste week van Jesus se lewe op aarde gekonfronteer staan. Broeder en suster, u sal agterkom wanneer ons hfst. 23 lees dan is Jesus klaar met die meer sagter woorde. Dit gaan vir Jesus nou om baie meer as net om Homself te verdedig. Nou praat Jesus alleen. Niemand sal Hom die res van hierdie dag in die rede val of in 'n strik probeer lei nie. Hy gaan tot die aanval oor. Reguit, hard, duidelik sal Israel hoor wat die Here van hulle leiers dink. Waar dit aanvanklik klink of Jesus defensief was, is hfst. 23 'n offensiewe hoofstuk. Die Fariseërs se aanvalle teen Jesus was eintlik maar soos blare in die wind...woorde in die wind. Jesus gaan eintlik nie verder met sulke mense tydmors nie. Hfst. 23 draai Hy sy gesig na sy dissipels toe, die Here gaan nou praat met hulle wat moet luister, die Here gaan Hom nie langer besig hou met hulle wat nie wil luister nie. Hierdie Dindag eindig met twee merkwaardige monoloë. Een voor die publiek- 'n verslae gehoor. En dan daarna hfst. 24 en 25 – die profetiese rede wat ons later by sal kom, wat mens verstom laat.

***

Ons moet die oorgang van hfst. 22 na hfst. 23 nou ook vir onsself mooi bymekaarbring. Met hfst. 22 se einde het Jesus nog gepoog om die leiers self tot hulle sinne te bring, maar die skrifgeleerdes en die Fariseërs het daardie Dinsdag-middag, dit moes al redelik laat gewees het, het hulle hul rug op die Here gedraai en ontnugter daar weggestap. Hulle kon die mees deurslaggewende vraag wat Jesus hulle gevra het... Wie is waarlik die Messias... Wie kan alleen die Messias wees... Hoe moet Hy wees wat die Messias is... dit is eintlik basies dieselfde vraag, maar hierdie sg. vooraanstaande leiers in Israel, mense wat voorgee hulle weet so baie... hulle is mos die wat veronderstel is om te weet, hulle kon hierdie mees basiese vraag van die Here nie antwoord nie. Jesus het baie duidelik getoon oor Wie die Messias werklik is. Hy het baie meer as net 'n menslike kant, Hy styg bó menslike skemas uit.

Dit wat hierdie leiers heeltyd poog om Christus as kontroversieel voor te stel, Jesus maak daaraan 'n einde. Jesus het nie nou net die Fariseërs se beperkte denke blootgelê nie, maar die Here kyk dwarsdeur hulle. Die Here wys hoe skynheilig hulle is, hoe dit eintlik maar net daaroor gaan dat hulle deur mense bewonder wil word. Dit gaan nie vir hierdie leiers werklik

oor God nie, dit gaan oor hulleself, hulle wat graag soveel aansien wil geniet. U kan hfst. 23 indeel en raaksien die eerste twaalf verse gaan oor hulle doen nie self wat hulle van ander verwag nie. In Engels "they do not practice what they preach". Van vers 13 tot vers 36 staan daar die volmaakte 7 maar hierdie is 'n tragiese 7. Hierdie 7 maal *Weë julle...* staan die een na die ander opgeskryf. En dan eindig Jesus hfst. 23 met 'n eie hartseer, 'n eie weemoed. Dit kon soveel anders gewees het, maar kyk wat doen julle... vv. 36-39.

***

Broeder en suster, vir ons vandag hier bymekaar, ons kan nie anders as om die Here ook met ons duidelik en op die man af te hoor praat nie. Wie is die Here vir die mens wat vandag homself/haarself as 'n moderne mens tipeer. Die mens wat Woensdag by 'n stembus wil gaan staan en sy kruisie agter 'n politieke party en eintlik agter 'n sg. leier wil gaan trek. Hoe bepaal jy wie waarlik 'n leier is, wie waarlik vir ons 'n leier kan wees. Watter party het die waardes, wat in die eerste plek nie gaan oor dit wat mense moet bevoordeel nie, maar in die eerste plek moet dit gaan oor wie gee aan God waarlik die eer. Dit is 'n belangrike vraag as ons Jesus se oordele oor die Fariseërs en die sg. leiers van daardie tyd nagaan dat ons maar onsself en die partye van ons tyd en die partyleiers van ons tyd ook sal beoordeel. As mense nie die ware Christus ken nie, hulle stel vir hulleself 'n messias voor, hulle wil hulle geloof en godsdiens by die mense laat aanpas, hoe kan ek die gewildste wees, hoe kan ek die meeste stemme kry, dan sal ons maar saam met daardie bedremmelde Fariseërs moet omdraai. Hulle wat voorgee hulle sit op die stoel van Moses...

Ons moet onsself maar in die eerste plek toets. Ons voorbereiding vir wanneer ons aan die einde van die maand ook weer Nagmaal wil vier, laat dit maar ook hier vandag geld. Jesus praat nou met die skare- die voetvolk- en in besonder met sy dissipels. Daardie skynheiligheid waaroor die eerste 12 verse oor handel. Mense bind swaar pakke saam, kamtig as nakoming van die wet en hulle sit dit op die skouers van mense, maar self verroer hulle nie 'n vinger nie. Jesus wys 'n hele reeks van dinge uit, hoe hulle hul gedenkseëls breed maak, hulle some wyer as wat nodig is, want in alles wil hulle gesien wees, hulle beskou hulleself net 'n klomp trappe hoër en belangriker as die voetvolk, hulle moet aangespreek word as rabbi, ja hulle wil die vaders vir die volk wees, dit alles vanaf die stoel van Moses maar dit is nie waarlik Moses en die gestalte van Moses wat uitgedra word nie, dit gaan oor hulleself! So word nie net die werk en die stoel van Moses misbruik nie, maar die Een baie groter as Moses word nie raakgesien nie.

Dit kom daarop neer die dinge en mense wat eintlik my uitsig op God versper, mense wat eintlik wil hê dat hulleself bewonder moet word, hulle bepaal die reëls om eintlik die aandag op hulleself gevestig te kry, hulle erken nooit hulle eie gebreke en foute nie, broeder en suster, as dit nie meer gaan oor God en die eer wat God alleen toekom nie, dan moet dit wees, wee sulke mense. Wee hulle! Hulle bring ’n sware weg oor hulleself! Nederigheid is ’n waarmerk van ’n ware gelowige. Dit sê die Here Self na Hy die skynheiligheid blootgelê het- vv.11-12 ***11*** *Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees.* ***12*** *Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.*

***

Broeder en suster, as dit dan kom by die tweede groot deel van hfst. 23, daardie ***7X weë julle*** ... dan besef ons ons eie skynheiligheid. Hoe belangrik dit is om te weet dat die Here ook dwarsdeur my kyk. Die skynheiligheid bevat juis van die gevaarlikste elemente wat daar in ons lewens kan kom nl. huigelary. Skynheiligheid en huigelary lê teenaan mekaar, baie sal sê dit is eintlik maar sinonieme, maar huigelary is iets van daardie binnekant wat vrot is, maar ek kry dit vir lang tye weggesteek, ek is skynheilig. Tog sal die dag kom, wee daardie mens as daardie dag kom wat sy huigelary nie meer agter skynheiligheid weggesteek kan word nie. Wanneer die donker graf oopgeruk word, al is die buitekant opgemaak, wit en versier, wanneer nie net meer die skoongemaakte buitekant van die beker raakgesien word nie, maar juis die binnekant.

Ja, as teksvers in hierdie tweede aanval van Jesus het ons wou uitlig hoe skynheiligheid en huigelary God wil ondermyn. Jesus wys op die dinge van sy Wet wat regtig saak maak, (v.23) die reg teenoor God, die barmhartigheid teenoor jou naaste, die trou teenoor jouself. Moet nie jouself met jou skynheiligheid bedrieg nie, om by allerhande plekke en dinge te sweer, maar jy lieg eintlik vir jouself. Barmhartigheid teenoor ander mense inplaas van om die weduwees se huise op te eet, m.a.w. ander mense word uitgebyt, dinge word gedoen onder die naam van evangelisasie, v15- *julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom ‘n kind van die hel, twee maal erger as julle self.* Wanneer ek trou en barmhartigheid meet dan moet dit nie eerstens gaan oor my of ander mense nie, dit moet teenoor God reg wees.

Reg, barmhartigheid en trou, dit wat uiteindelik saakmaak, die Here het al in die Ou Testament gewys hoe belangrik dit is. Jes. 1:17 sê- *leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee...* ook Jer.

22:3- ***3*** *So spreek die HERE: Doen reg en geregtigheid, en red die beroofde uit die hand van die verdrukker; en doen geen skade, geen geweld aan vreemdeling, wees en weduwee nie, en vergiet geen onskuldige bloed in hierdie plek nie.* Reg gaan gepaard met barmhartigheid, dit is duidelik maar spesifiek as die Here praat oor barmhartigheid dan gaan dit oor wat God wil hê- Hos. 6:6- ***6*** *Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.* Ook Sagaria 7:9-10- ***9*** *So het die HERE van die leërskare gespreek en gesê: Spreek 'n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander.* ***10*** *En moet nie die weduwee en die wees, die vreemdeling en die arme verdruk nie en kwaad in julle hart teenoor mekaar bedink nie.* Habakuk 2:4 het God al vir Israel gewys om getrou te wees. As daar staan *die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe* dan gaan dit daaroor dat om regverdig te wees is om getrou te wees... 'n gelowige kan alleen 'n gelowige wees as hy getrou is. In hierdie getrouheid skenk God die lewe. Die geloof maak die getroue regverdige vas in wat die lewe is.

Van die baie erge dinge wat die Here teenoor die Fariseërs bekendmaak, broeder en suster, is natuurlik dat hulle eintlik 'n hindernis opstel vir mense wat die koninkryk wil binnekom. Hulleself gaan nie in nie, maar verhinder ook die ander wat wil ingaan. Die Here het aan Petrus die sleutels van die koninkryk verduidelik (Matt.16:19), waar dit gaan om God wat wil hê ons moet inkom, die gelykenis van die bruilof is ook weer bewys hiervan, maar letterlik staan hier julle klap die deur in die gesigte van die mense toe, dat hulle nie kan inkom nie.

In van die baie waarskuwinge wat die Here in hierdie gedeelte gee gaan dit natuurlik ook oor die onderskeid tussen wat werklik gewigtig is, dit wat werklik vir God saakmaak, in teëstelling of in vergelyking met die middelmatige dinge, die dinge wat regtig nie van soveel belang is nie, maar dit word die belangrikste gemaak. Die Fariseërs is uitermate streng oor die kleinighede, daar is 'n sif wat moet keer dat 'n muggie nie deurval nie, maar op die einde as die kameel deurval, dan word dit nie eers raakgesien nie...

***

Broeder en suster, wanneer hierdie Dinsdag werklik seker al amper donker was toe Jesus al hierdie dinge gesê het, dit moes al baie laat gewees het hierdie dag, gemeet in wat alles hierdie dag gebeur het en wat gesê is, kan ons vandag afsluit met Jesus se weemoed, die hartseer wat aan die einde van die hoofstuk staan. Jesus huil oor die onkunde van sy volk. Ek wou maar julle wou nie. Hy wou soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke invou, maar julle wou nie. Hierin sluit ons af in die besef God wil ons by Hom hê. Tog sien ons die Here

het nie doekies omgedraai nie. Hy ontmasker die leiers vir wie hulle waarlik is. Om dinge toe te smeer, allerhande foefies tog om net nie aanstoot te gee nie, dit is nie die Here Jesus se styl nie. Mooipraat, woorde in watte verpak sou nou deug nie. Daarom het die Here hard, reguit en duidelik gepraat. Die Here wys watter verwoesting en vernietiging daar gaan kom as daar nie bekering kom nie.

Hierdie hoofstuk maak dit baie duidelik dat God is nie oor die mens verleë nie. Die Here sê nie hierdie dinge omdat Hy frustreer is nie. Vir Jesus gaan dit oor liefde vir sy Vader. God se liefde moet vooropstaan. Hy het eerstens sy Vader lief en dan gaan sy liefde oor hulle vir Wie die Vader lief is. Hierdie volk wat soveel verspeelde kanse laat verbygaan het, hierdie volk wat maak asof hulle Jesus nie nodig het nie, hulle verdwaal soos hulle voorouers gedwaal het, hulle wat selfs God se profete gedood het, dit gaan nog weer gebeur... maar hfst. 23 hou daarmee rekening. Daar kan verandering kom. Die dag wanneer ook van hulle die koms van die Here sal sien as 'n geseënde koms. *Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!*

***

Kom ons wees baie eerlik oor onsself. In hoeveel van die harde dinge wat gesê is, het die Here dit ook vir my gesê. Die Here waarsku ons ook. Buite skoon maar binne vuil, ons dwaal ook, ons mislei ander mense, plaas die klem op kleinighede en mis die ware punt vir waar dit vir die Here oorgaan, hoeveel ellende veroorsaak ons nie, daarom moet ons besef wanneer ons só na onsself kyk, moet ons ook kyk na wat vir ons voorlê. Hfst. 24- die begin van die profetiese rede gaan oor die toekoms. Jou en my toekoms is hierby ingesluit.

AMEN